

1 November - SWAARKRY

Skrif- en Fokusgedeelte: Matteus 8:23-27

Eintlik is daar twee soorte swaarkry: een woed daar buite, die ander woed in mens se gemoed. Só blyk dit ook in hierdie Skrifdeel: hewige seestorm; dissipels in doodsgevaar ... Maar Jesus lê rustig en slaap. Hulle skud Hom wakker, roep om hulp ...

Matteus stel dit só, dat ons moet sien: die dissipels het net oë en ore vir die storm: die tierende wind en die watermassas wat aanrol. Hulle let net op die uiterlike.

Dit lyk egter asof Jesus die storm nie eers raaksien nie. Hy let eerste op hulle innerlike; praat met hulle oor hulle ingesteldheid: *“Waarom is julle bang, kleingelowiges?”* Eers dán praat Hy met die storm: bestraffend, sodat daar ’n groot kalmte kom.

Ook ons wil so graag die uiterlike swaarkry verander hê. Christus wil voor alles ons innerlike swaarkry verander hê; ons ingesteldheid. Uiterlike nood kan ons lewens bedreig. Maar innerlike storms kan ons van die ewige lewe beroof.

God wat beheer het oor die storms, gebruik ook dit tot ons beswil. Onthou u die Kategismus oor sy voorsienigheid: in voorspoed dankbaar ... in teenspoed geduldig? Swaarkry is gewiggies wat Hy byvoeg om ons lewenskaal, ons ingesteldheid te balanseer.

Hoeveel seën het Hy al juis deur swaarkry vir ons berei? Hoe sou ons gewees het daarsonder? Laat Hy nie ook telkens vir ons ’n stormsee weer spieëlglad word nie?

Staar dus nie grootoog na die golwe wat u huweliksboot, gesins-, geld-, gesondheidsboot of watter boot ook al, bedreig nie. Hoor altyd sy stem: *“Waarom is julle bang?”*

Glo: u Verlosser is magtig om u te help. Hy is bekend met swaarkry. Dis juis deur die uiterste swaarkry, selfs deur die angste van die hel, dat Hy vir u guns by die almagtige God verwerf het.

Sing: Psalm 138:4

Ds CJ Nagel (Messina)